gay, University of Kent, Canterbury; dr. H.K. Roessingh, Landbouwhogeschool, Wageningen; Dr. J. Thirsk, University of Oxford; Prof. F.M.L. Thompson, University of London; prof. J.M.G. van der Poel, Museum Historische Landbouwtechniek, Wageningen; dr. F.J.M. van Puijenbroek, Rijksmuseum voor Volkskunde (Het Nederlands Openluchtmuseum), Arnhem; drs. H. van Zon, Stichting Nederlands Agronomisch-Historisch Instituut, Groningen.

**Diverse**

Jaarboeke van Suid-Afrikaanse universiteite. (Leerplanne en metodiek).
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria. (Inligting verstrek deur die direkteur, dr. B. Cronjé).
Populêre en vaktydskrifte in Suid-Afrika. (Opname van bydraes met 'n agraries-historiese strekking).

# BOEKBESPREKINGS

A.G. OBERHOLSTER. *Die mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922.* RGN: Pretoria, 1982. 223 pp. Geïllustreerd. R12,00 (inklusief). ISBN 0 86965 908 1.

Die Randse staking van 1922 was beslis een van die dramatiesste gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die skrywer van hierdie werk karakteriseer dit dan ook tereg as sinister en tegelyk aangrypend. Daarom maak dit die belangstelling van talle gaande en het reeds vroeg na die gebeurtenis en tydens die bittere naweë daarvan publikasies oor die staking begin verskyn. Hierin het die dramatiese die aandag geniet en is die dieperliggende oorsake en betekenis van die gebeure verdring. Dit is natuurlik begryplik, veral ook omdat die tydsperspektief om die staking so te evalueer nog ontbreek het.

Tussen 1946 en 1965 het 'n drietal magisterverhandelinge aspekte van die gebeurtenis behandel, terwyl plaaslike en streekgeskiedenisse binne die relatiewe verband ook daarna gekyk het. Die werke is egter deurgaans gekortwiek deur die ontoeganklikheid van primêre argiefmateriaal; dr. Oberholster se poging is gevolglik die eerste wat op ernstige argivale navorsing — en beslis deeglik verrigte navorsing daarby — berus. Dit het moontlik geword omdat dokumentêre materiaal wat voorheen geslote was, en in die Sentrale Argiefbewaarplek en die Weermag se dokumentasiesentrum berus, intussen beskikbaar geraak het.

'n Belangrike kenmerk van hierdie werk is die afwesigheid van die dramatiese of ontroerende aspekte. Die skrywer het op 'n nugtere, saaklike en sover moontlik onbetrokke wyse na die onderwerp gekyk en dit ontleed om tot die beantwoording van sy vrae aan die verlede te kom. Die histories-wetenskaplik ingestelde leser sal die benadering bevredigend en stimulerend vind, maar diegene wat in die menslike sy van die staking belangstel, mag die werk as 'n bloedlose aanbieding van 'n bloedige gebeurtenis sien. Hoe dit ook al sy, die skrywer het tot 'n besondere sintese gekom; die verskillende aspekte van die tema vloei pragtig in mekaar sodat die leser eindelik 'n kompakte geheelbeeld het waarmee hy kan saamstem, al dan nie.

Inhoudelik word ter aanvang na die aard van die staking gekyk en daarop gewys dat dit wesenlik meer as die blote beëindiging van arbeid was om 'n bepaalde arbeidsgeskil op te los. Dit was ook 'n rebellie teen kapitalisme en imperialisme en die deelnemers het gemeenskaplike en individuele oogmerke gehad. In die lig hiervan behandel die skrywer agtereenvolgens die aard en die invloed van die goudmynbedryf in Suid-Afrika, die voorkoms van nywerheidsonrus sedert die eerste jare van hierdie eeu, die rol wat sosialisme deur die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty en die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty daarin gespeel het, die plek van Afrikaner-politieke frustrasies, en die depressie wat ná die Eerste Wêreldoorlog ingetree het — alles faktore wat tot die staking meegewerk het. Dit is 'n lang aanloop wat die politieke, ekonomiese en sosiale grondslae van die onrus uitbeeld en word gevolg deur 'n bespreking van die periode onmiddellik voor die uitbreek van die staking. Die rol van die volgende instansies of groepe word om die beurt beskryf: die verskillende vakbonde — en meer bepaald die Suid-Afrikaanse Vakbondfederasie — wat geleidelik beheer oor die verloop van sake verloor het, die Kamer van Mynwese, die Smuts-regering, die Nasionale Party, die Sosialiste en Kommuniste en die stakerskommando's. 'n Derde komponent van die werk is die beeld wat oor die afloop van die staking na die afkondiging van krygswet geskilder word. Dit word in breë trekke gedoen en vat sodoende die massa gegewens hieroor op 'n ekonomiese wyse saam. Ten slotte word enkele onmiddellike en langtermyngevolge van die gebeurtenis toegelig en 'n lyn na die hede getrek.

Hierdie publikasie vorm 'n belangrike en verdienstelike skakel in die eindelose historiese gesprek en daar is dus vrae wat nog nie duidelik beantwoord is nie. Smuts se rol bly skaduagtig, waarskynlik omdat die Kamer van Mynwese nie sy argief aan navorsers wil oopstel nie en dokumente uit die kantoor van die eerste minister boonop vernietig is (pp. 2 en 3). Dit mag natuurlik ook wees dat Smuts juis 'n skaduagtige rol gespeel het en eers na die ineenstorting van wet en orde tot werklike optrede oorgegaan het. Op p. 184 verskyn 'n foto van wapens wat van die "rewolusionêres" gebuit is. Dit laat die vraag ontstaan waar hulle aan sekere van die wapentuig gekom het omdat alles op die betrokke foto nie "tuisgemaak" is nie.

'n Deel van die werk wat eienaardig voorkom, is die breedvoerige bespreking van die aktiwiteite van sommige 1914-rebelle, insluitende Beyers; Kemp, Maritz, Jopie Fourie en Jack Pienaar. Dit is waar dat van die stakers probeer het om die samewerking van plattelandse burgers te kry. Die skrywer huldig die mening dat daar 'n deurlopende lyn vanaf die 1914-rebellie is en dat die staking eintlik die "vierde" van 'n reeks pogings tot rebellie was. Dog, van die rebelleleiers wat bespreek word, het twee reeds met die 1914-poging die lewe gelaat en het die ander geen rol in die staking gespeel nie. Stakers het wel met Jack Pienaar, Wessel Wessels en N.W. Serfontein kontak gemaak, maar nooit meer as hul mondelinge betuiging van steun gekry nie. Wat die kwessie van plattelandse steun nog meer gekompliseerd maak, is die steun wat Smuts juis na die afkondiging van krygswet uit dié oord gekry het. Vier van die distrikte waarin krygswet afgekondig is, het SAP-verteenwoordigers in die parlement gehad, drie is deur Nasionaliste verteenwoordig en die Pretoriase kiesafdelings deur ondersteuners van albei partye. Met die 1924-verkiesing het Smuts ten spyte van kleiner meerderhede slegs een van die betrokke vier kiesafdelings buite Pretoria aan die Nasionale Party afgestaan. Die vraag ontstaan hoe hierdie uitslae rym met die afleiding van sommige destydse waarnemers dat die burgerkommando's 'n meerderheid Nasionaliste bevat het?

Die doelwitte van die stakerkommando's is nog 'n aspek waaroor onduidelikheid heers. Die skrywer voer aan dat stakerleiers die kommando's lank oor hul funksie in die duister gehou het. Daar is egter getuienis dat die Brakpankommando, wat vir een van die verraderlikste voorvalle verantwoordelik was, reeds voor die einde van Januarie bombardering en die "unhorsing of mounted men" geoefen het. So word ook beweer dat Madeley voor sy vertrek vir die opening van die parlement aan die Brakpanse stakerkommando sou gesê het: "Drilling is not your only function, be prepared." Dit sou insiggewend wees indien dr. Oberholster oor getuienis beskik wat bogenoemde weerlê want as die rol van die ekstremistiese Bob Waterston (oor wie nog geen studie bestaan nie) bygevoeg word, is dit glad nie so seker dat die Brakpanse kommando, wat na bewering agthonderd man sterk was, teen Januarie in die duister was oor die doel van sy drillery met stokke en pikstele nie. Hierdie "wapens" laat natuurlik verdere vrae oor stakerswapens ontstaan.

Met hierdie gedagtes word hoegenaamd nie afbreuk aan die werk gedoen nie. Wat vir die Brakpanse kommando geld, hoef nie noodwendig op ander kommando's van toepassing te wees nie. Lesers sal wel agterkom dat koördinasie tussen die verskillende stakerskommando's swak was.

Die outeur se onbevange oordeel in hierdie pakkend-geskrewe werk sal diegene wat dit ter hand neem tot op die laaste bladsy boei, veral as hulle 'n bepaalde belangstelling in die staking het of miskien nog deur een of ander bloedband daaraan verbind is. Hierdie publikasie is 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse geskiedskrywing.

*F.J. NÖTHLING*
*Universiteit van Suid-Afrika*

P.H.R. SNYMAN. *Postmasburg: 'n geskiedkundige oorsig tot 1982.* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria, 1983. 90 pp. Geïllustreerd. R4,50 (inklusief). ISBN 0 86965 987 1.

In *Contree* 13, Januarie 1983, het 'n artikel onder die titel *Ontstaan en groei van Postmasburg* deur P.H.R. Snyman verskyn. Hierdie artikel is deur die outeur bygewerk en het pas as 'n selfstandige publikasie en nommer een in die nuwe reeks, *Plaaslike Geskiedenis*, van die Afdeling Streekgeskiedenis van die RGN verskyn.

Hierdie oorsigtelike studie dek onder meer die volgende: die vroeë geskiedenis van die omgewing met verwysing na die Boesman, Korana, Tswana en Griekwa; die koms van die Blanke en gemeente- en dorpstigting; verdere ontwikkeling en plaaslike administrasie; die drie rebellies waarby die gemeenskap betrokke was, naamlik die Langberg-rebellie, die rebellie tydens die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie van 1914-1915; landbou en veeteelt; mynbou, waaronder die ontginning van diamante, asbes, mangaan en ystererts; handel en nywerheid; kommunikasie; wet en orde; godsdiens en die stigting van gemeentes deur verskillende kerkgenootskappe; onderwys; gesondheid en welsyn; kultuur- en diensorganisasies en sport en ontspanning.

Heeltemal tereg het die outeur self leemtes in sy tydskrifartikel raakgesien en daarom in die boek ook onderwerpe soos kultuur- en diensorganisasies en sport en ontspanning aangesny. Die resultaat is 'n baie mooi oorsigtelike beeld van die dorp en omgewing. Hoewel onder verskillende opskrifte na die oprigting van spesifieke geboue verwys word, sou 'n afsonderlike opskrif oor die argitektuur van die dorp seker